higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

10 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

384Q1S2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Algemene bloedafwyking wat deur 'n gebrek aan rooibloedselle gekenmerk word (anemie/allergeen)

1.2 Tekens wat daarop dui dat 'n persoon aan 'n sekere siekte ly (konvulsies/-simptome)

1.3 Die uitbraak van 'n aansteeklike siekte in 'n gespesifiseerde area (epidemie/-endemies)

1.4 Spesiale proteïne in die bloed wat bepaalde siektes beveg (teenliggaampies/-vaksines)

1.5 'n Organisme wat dood of siekte kan veroorsaak (patogeen/patologie)

1.6 Die tydperk net voor geboorte en net ná geboorte (perinataal/antenataal)

1.7 'n Organisme wat floreer op die voedingstowwe in 'n ander wese se liggaam (parasiet/bakterie)

1.8 'n Deurskynende vloeistof wat witbloedselle bevat (limf/silia)

1.9 'n Ander naam vir Duitse masels (rubella/rubeola)

1.10 Wanneer 'n liggaam vloeistof verloor en nie behoorlik kan funksioneer nie (dehidrasie/konstipasie)

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is edur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Babas kan maklik van meubels afval.

2.2 Die risiko's verbonde aan ongelukke verhoog sodra die baba meer beweeglik word.

2.3 As 'n kind weet hoe om te swem, kan hy/sy nie verdrink nie.

2.4 Die Heimlich-greep moet op ouer kinders, wat besig is om te stik, toegepas word.

2.5 As 'n persoon in skok is, moet suikerwater aan hom/haar gegee word.

2.6 Mens- en dierbyte is nie gevaarlik nie.

2.7 As 'n kind by sy/haar huis is, kan hy/sy nie beseer word nie.

2.8 'n Kind kan slegs buite die huis beseer word.

2.9 Om jou hande te was, is die effektiefste manier om die verspreiding van siektes te beheer.

2.10 Party kinders kan allergies vir bysteke wees.

2.11 Dit is moeilik om voorsiening vir verskillende kulture in 'n skool te maak.

2.12 Kindermishandeling is die slegte behandeling van kinders.

2.13 Gemeenskappe moet ook verantwoordelikheid vir kinders se welstand aanvaar.

2.14 Kinders met spesiale behoeftes moet op dieselfde manier as ander kinders behandel word.

2.15 Kinders boots die gedrag van die volwassenes in hul lewe na.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

babawagter; pleegsorggesin; familie; kultuur; vrywilligersdienste; persoonlike identiteit; armoede; rasgemengde familie; kleuterskool; lyfstraf; gemeenskap

3.1 Fisiese straf, soos om 'n kind 'n pak slae te gee, word … genoem.

3.2 … is die onvermoë om in 'n mens se basiese behoeftes te voorsien.

3.3 'n Skool vir kinders vanaf driejarige ouderdom totdat hulle laerskool toe gaan, word 'n … genoem.

3.4 … is die manier waarop 'n persoon hom/haar definieer met betrekking tot ander se individualiteit en verskille.

Kopiereg voorbehou

3.5 … word gratis deur 'n persoon of organisasie gelewer.

3.6 'n Groep wisselwerkende organismes wat 'n omgewing deel, word … genoem.

3.7 'n … is 'n groep mense wat deur bloed of 'n huwelik aan mekaar verwant is.

3.8 'n Familie waarin verskillende familielede van verskillende rasse is, word 'n … genoem.

3.9 'n Kind word op 'n tydelike grondslag in die sorg van 'n … geplaas.

3.10 Iemand wat 'n kort rukkie na babas kyk, gewoonlik om 'n inkomste daaruit te verdien, word 'n … genoem.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–R) langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Ernstige reaksie op 'n bepaalde stof	A	Joodse
4.2	Siekte wat deur uiters lae liggaamsgewig en liggaamsbeeld gekenmerk word	B	skynverlamming
4.3	Aanbevole daaglikse inname	C	braking
4.4	Om 'n dieet te volg wat al die onderskeie voedselgroepe bevat	D	kilojoules
4.5	Vind in die mond, maag en dunderm plaas	E	water
4.6	Verbeter die spysverteringsproses	F	vertering
4.7	Maatstaf vir voedingstowwe	G	gebalanseerde dieet
4.8	Bietjie braaksel wat 'n kind uitspoeg of wat uitloop	H	anorexia nervosa
4.9	Wanneer die ledemate weens teerheid daarvan nie beweeg kan word nie	I	oorloopbraking
4.10	Godsdiens wat die halaaldieet volg	J	ADI ('RDA')
4.11	Om iemand voortdurend af te kraak	K	Moslem
4.12	Proses waarvolgens kinders versorg word, hulle beskerm word en daar na hul welstand omgesien word	L	werpbraking
4.13	Integrering van fisiese, sosiale en emosionele eienskappe ten einde 'n gelukkige lewe te kan lei	M	vennootskap
4.14	Opsetlike veronagsaming van 'n kind se behoeftes	N	verwaarlosing
4.15	Nodige belanghebbers wat seker maak dat daar in 'n kind se behoeftes voorsien word	O	emosionele mishandeling
		P	welstand
		Q	kindersorg
		R	anafilaktiese skok

(15× 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verduidelik hoe armoede versorgingspraktyke negatief kan beïnvloed. (4 × 2) (8)

5.2 Kinders se versorging en welstand is verskeie mense se verantwoordelikheid.

Lees die scenario's hier onder en identifiseer die soort versorger.

5.2.1 Tany is 'n werkende ma. Sy het 'n tweeling en sy het iemand nodig wat tuis na haar kinders kan omsien.

5.2.2 Mev Ndzala bied haar dienste aan om kinders, wie se ouers werk, te versorg. Sy wil hê dat die ouers hul kinders by haar huis kom aflaai.

5.2.3 Eva kom van Suid-Afrika en is woonagtig by 'n Engelse gesin. Sy sien om na die kinders en help met koskook en kleiner take.

5.2.4 Khalid se ma het hom in 'n dagsorgfasiliteit geplaas omdat sy dink hy het maatjies nodig.

(4 × 2) (8)

5.3 Definieer elk van die volgende terme:

5.3.1 Poligamie

5.3.2 Matriargale gesin

(2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 6

6.1 Om tekstiele en speelgoed skoon te maak, sal van die vuiligheid ontslae raak, maar dit nie noodwendig kiemvry maak nie.

Noem VIER metodes waarvolgens bottels gesteriliseer kan word. (4)

6.2 Noem VIER huishoudelike artikels wat as gevaarlik beskou kan word. (4)

6.3 Voorskoolse kinders is die meeste vatbaar vir die oordrag van luise van ander kinders. Verduidelik waarom. (4)

6.4 Kyk na die skets hier onder en identifiseer VIER maniere waarop siektes versprei kan word.



(4 × 2) (8)
[20]

VRAAG 7

7.1 'n Ander term vir die dood van kinders is KINDERSTERFTES.

Gee VIER van jou eie idees oor hoe Suid-Afrika sy kindersterftesyfers in die land kan beheer. (4 × 2) (8)

7.2 Noem DRIE maniere waarop 'n kind met MIV besmet kan word. (3)

7.3 'n Huis kan 'n uiters gevaarlike plek vir 'n kind wees.

Beskryf VYF maniere waarop die KOMBUIS *kinderbestand* gemaak kan word. (5)

7.4 Mev Naidoo het veertig leerders in haar klas. Sy ontdek dat party van haar leerders glad nie 'n geboortesertifikaat het nie en dat die meeste van haar leerders nie al hul belangrike inentings gehad het nie.

Identifiseer, op grond van die scenario hier bo, TWEE regte van kinders wat geskend is. (2 × 2) (4)
[20]

VRAAG 8

8.1 Noem VYF areas waarin kultuur en godsdiens kindergrootmaakpraktyke kan beïnvloed. (5)

8.2 Noem VYF maniere waarop 'n versorger of ouer 'n kind op die gebruik van die toilet kan voorberei. (5)

8.3 Om 'n baba te bad, is 'n effektiewe manier om 'n band met hom/haar te smee asook om van kieme ontslae te raak.

Gee VYF stappe wat uitgevoer moet word wanneer 'n baba gebad word. (5)

8.4 Noem VYF inskrywings wat op die Pad-na-gesondheid-kaart voorkom. (5)
[20]

VRAAG 9

9.1 Noem TWEE organisasies wat gekontak kan word as daar vermoed word dat 'n kind mishandel word. (2 × 2) (4)

9.2 Ouers speel 'n groot rol in kinders se eetgewoontes aangesien hulle die kind se eerste rolmodel is.

Stel VIER idees voor wat ouers kan gebruik om te verseker dat hul kinders gesond eet. (4 × 2) (8)

9.3 Bespreek hoe 'n gesin etenstye aangenaam vir hul kinders kan maak. (4)

9.4 Gee VIER redes dat party kinders aan vetsug ly of oorgewig is. (4)
[20]

VRAAG 10

10.1 Teken en benoem die voedselpiramide. (1 + 4) (5)

10.2 Goeie voeding het ten doel om die kind se holistiese ontwikkeling te verseker.

Lees die scenario's hier onder en identifiseer watter areas ontwikkel word. Gee 'n rede uit die scenario vir elke antwoord.

10.2.1 Mev Louw hou daarvan dat al die kinders in haar klas moet sit en saameet. Sy hou ook daarvan dat hulle met mekaar moet deel.

10.2.2 Mev Smith moedig altyd die kinders in haar klas aan om die teelepels suiker wat hulle in hul tee gebruik te tel asook hoeveel stukke vrugte daar op hul bord voorkom.

Kopiereg voorbehou

10.2.3 In die Nqama-huishouding eet die gesin altyd saam en mev Nqama probeer om etenstye prettig vir haar kinders te maak.

10.2.4 Mev Budree maak seker dat sy goeie voeding aan haar kinders voorsien sodat hulle oor genoeg energie beskik en teen siektes beskerm word.

(4 × 2) (8)

10.3 Gee VIER redes dat water die tweede belangrikste voedingstof is wat ons nodig het om te kan lewe. (4)

10.4 Noem DRIE simptome van skeurbuik. (3)
[20]

VRAAG 11

11.1 Die meeste kinders hou daarvan om buite te speel, veral in die agterkant van die erf.

Gee VIER moontlike gevare wat buitespel vir hulle inhou. (4 × 2) (8)

11.2 Kyk na die volgende sketse en identifiseer die verskillende soorte mishandeling:

11.2.1



11.2.2



(2 × 2) (4)

11.3 Wat kan skole doen om die verskille onder leerders te vier? (2 × 2) (4)

11.4 Noem VIER prosedures wat gevolg moet word wanneer brandwonde behandel word. (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou